


# ST. NARCISSUS

29 OKTOBER

(sterf c.222)



Hy was van Griekse afkoms en die biskop van Jerusalem. Dit was nie maklik om in dié tyd Christen in Jerusalem te wees en die Kerk daar te lei nie. In die jaar 195 het hy 'n plaaslike konsilie bymekaar geroep om uitsluitel te gee oor presies wanneer Paasfees gevier moet word. Die vroeë Christene was onseker of hulle Paasfees op die dag van die Joodse Pasga moes vier of op die daaropvolgende Sondag (die dag van Jesus se Opstanding). Daar is besluit om Paasfees altyd op die Sondag ná die 15de Nisan (die Joodse Pasgafees) te vier. Hierdie gebruik is later by die Kerk Konsilie van Nicea deur die hele Kerk oorgeneem. Biskop Narcissus het 'n paar jaar lank as kluisenaar gaan leef toe sy streng navolging van die Evangelie en asketiese leefwyse tot teenkanting onder sy kudde gelei het. Later het hulle hom egter gesmeek om terug te keer en weer hul sieleherder te word.